

Katalogusseleksie vir bul-aankope

Bernard Burger, Opleiding en Ontwikkeling, Bonsmara SA

Hedendaagse rooivleisprodusente is deeglik bewus van die feit dat presisieboerdery in rooivleisproduksie net so belangrik is as wat dit in akkerbou is. 'n Produsent sal nie sommer gewasse plant of kunsmistoe-dienings doen sonder om te weet wat die grondontledings is nie; net so moet 'n beesboer eers die genetiese potensiaal van sy bulle bepaal voordat hy met hulle begin teel, aangesien bulle se genetika die grootste invloed op die winsgewendheid van die kudde het.

Genetiese faktore om te oorweeg by die aankoop van bulle

Die belangrikste eienskap is uiteraard vrugbaarheid en produsente het verskillende seleksiepraktyke wat hulle toepas om vir vrugbaarheid in bulle te selekteer.

Naas vrugbaarheid is die volgende eienskap waarna produsente kyk wanneer hulle 'n bul selekteer, speenmassa. Indien daar gevind word dat die speenmassa nie na wense is nie, is een van die moontlike redes dat die verkeerde ras aangekoop is. Dit kan ook wees dat die verkeerde bul van 'n betrokke ras aangekoop is, omdat die katalogus verkeerd verstaan is.

Hoeveel van ons kyk na 'n katalogus en weet presies watter eienskappe belangrik is? Genetika kan uiteraard nie die enigste oorwegingsfaktor wees nie. Jy wil jou darem ook nie skaam vir jou bul as jou buurman kom kyk nie. So evalueer ook 'n bul visueel: het hy manlike eienskappe, goeie bespiering en goeie loopvermoë?

Wanneer bulle aangekoop word, is dit belangrik om te weet wat die bul se genetiese potensiaal is, asook wat jou teel-doelwit – byvoorbeeld swaarder speenkalwers – is. Die eerste oorwegingsfaktor is of jou bestaande bul in jou kudde se syfers bekend is al dan nie. As die bul se syfers bekend is, is dit soveel makliker om die volgende bul aan te skaf,

want jy weet wat jy tans in 'n bul het en hoe om jou telingsdoelwitte te bereik. Die telersgenootskap van die ras waarmee jy boer kan jou help met die interpretasie van die syfers.

Die katalogus

Wanneer jy 'n veiling bywoon, kry 'n katalogus in die hande, gaan die bulle rustig deur en kies vir jou omtrent vyf bulle wat 'n verskil kan maak in jou kudde. Maak seker dat jy weet waarvoor al die afkortings van die verskillende eienskappe staan (die verduideliking sal voor in die katalogus wees).

Al die verskillende eienskappe wat geweeg of gemeet word, word in teelwaardes uitgedruk. Elke teelwaarde het 'n rasgemiddeld. Hoe die teelwaarde met die rasgemiddeld vergelyk, word ook aangetoon. Met ander woorde, jy gaan kyk of die bul se teelwaardes minder of meer is as die rasgemiddeld, en dit sal uiteraard jou keuse van bul beïnvloed.

Dit is ook uiters belangrik dat jy weet wat die teelwaardes van die bulle op jou plaas is. Hoe gaan jy jou kudde verbeter as jy nie weet wat jy tans het nie? As jou kuddebestuur goed is, kan bulle met goeie genetiese waardes help om daardie addisionele gewig tot jou speenkalwers toe te voeg, en onthou, dié speenkalwers gaan dit weer aan hul nageslag oordra.

As daar na die eerste en tweede bulle (Tabel 1) gekyk word, het punte A, B, C en D hieronder betrekking.

Tabel 1

Nr	Direkte kalfeien-skappe		Dogter-eienskappe			Groei		EFF	REP	Mates		
	Na-geslag geboortegewig	Na-geslag speengewig	Gemak van kalwing	Melkproduksie	Volwasse gewig	Na-speengewig	Daaglikse gewigstoename	Voeromset		Hoogte en lengte		
	Geboortedirek Akkuraatheid	Speendirek Akkuraatheid	Geboortematernaal Akkuraatheid	Speenmaternaal Akkuraatheid	Volwasse massa Akkuraatheid	Na-speen Akkuraatheid	Gemiddelde daaglikse toename Akkuraatheid	Voeromset-verhouding Akkuraatheid	Serotum Akkuraatheid	Hoogte Akkuraatheid	Lengte Akkuraatheid	
	kg	kg	Ind	kg	kg	365d Ind	540d Ind	Ind	Ind	(mm)	(mm)	(mm)
Bees 1	94	105	99	84	85	103	88	87	101	86	92	A
	1,24	12,8	0,08	-0,6	-10	17,8	29	-25	8,3	-7	4	B
	81	75	65	67	43	57	50	17	53	53	52	C
	37	224	100			112	107	-	-	-	-	D
Bees 2	111	89	90	106	78	89	76	67	82	88	82	A
	-0,68	5,4	0,46	5,1	-17	8	-26	7	-2,5	-6	-6	B
	80	73	62	63	23	47	33	8	36	37	36	C
	31	181	91			98	97	-	-	-	-	D

Shutterstock

Ry A

Dit is die dier se teelwaarde uitgedruk as 'n indeks teenoor die rasgemiddeld. Die rasgemiddeld sal altyd uitgedruk word as 100. 'n Waarde van onder 'n 100 is nie altyd 'n slegte ding nie. Byvoorbeeld as ons na die volgende eienskappe kyk:

Geboorte- en speendirek

As die kalwers te klein word, boet jy speengewig in en as hulle te groot word, kan kalwingsprobleme ondervind word.

Bul 1 behaal 'n waarde van 94 vir geboortedirek, met ander woorde, bietjie groter kalwers, maar swaarder speendirek (105) wat swaarder speenkalwers beteken.

Bul 2 behaal 111 vir geboortedirek (bietjie kleiner kalwers), maar ligter speendirek (89) wat ligter speenkalwers beteken.

Speendirek en speenmaternaal

Bul 1 behaal 105 vir speendirek en 85 vir speenmaternaal. Bul 2 behaal 89 vir speendirek en 106 vir speenmaternaal.

Onthou dat 'n dier se groei-eienskappe en maternale eienskappe negatief gekorreleer is. Met ander woorde as jy te veel vir groei selekteer, kan jou kudde se maternale eienskappe, soos melkproduksie, negatief beïnvloed word. Maar ons boer ook nie met melkbeeste nie, so wees versigtig vir te hoë maternale eienskappe soos speenmaternaal. As jy vir speenkalfproduksie 'n bul uitkies, sal bul 1 dus die aangewese keuse wees. As daar te min maternale eienskappe in jou kudde is, dan kies jy bul 2.

Ry B

Dit is die dier se fisiese teelwaarde. Daar kan net na teelwaarde A gekyk word, dan weet jy dadelik of die dier bo of onder rasgemiddeld is.

Ry C

Dit is die dier se akkuraatheid uitgedruk in persentasie vir die spesifieke eienskap. By jonger bulle sal die akkuraat-


heid bietjie laer wees, maar al is die akkuraatheid 'n bietjie laag is dit beter as niks.

Ry D

Dit is die dier se indeks in die kontemporêre groep waarin hy getoets is – nie die teelwaarde-indeks wat teenoor die ras gemeet word nie. A bly die belangrikste gegewens waarna gekyk moet word.

Tabel 2

Teelwaarde indeks - geskatte teelwaardes (GTW) maklik gemaak



- Die teelwaarde-indeks is die GTW uitgedruk as 'n waarde van die rasgemiddeld
- Rasgemiddeld vir lewendige diere is 100
- Baie maklik om te interpreteer
- 'n Indeks bo 100 is ALTYD die meer gewenste opsie

Tabel 2 lig die verspreiding van die teelwaarde-indeks uit, met ander woorde, 50% van die ras se populasie sal tussen 90 en 110 behaal.

Tabel 3 hiernaas is 'n riglyn waarvolgens diere uitgesoek kan word tydens 'n veiling.

Vir meer inligting stuur 'n e-pos na bernard@bonsmara.co.za.



Tabel 3

Eienskap	EBV-indeks	Beskrywing/ Meting	Doelwit	Algemene riglyne vir teelwaarde-indeks							
				Negatief	80	90	100	110	120	Positief	
Kalfgroei (direk)	Geboortegewig	Geboortegewig (geboortedirek)	Maklike kalwing	Swaar							Lig
	Speengewig	Speengewig (speendirek)	Swaar speenkalfie	Lig							Swaar
Moeder-eienskappe (maternaal)	Geboortematernaal	Geboortegewig van koei/dogters se kalfies (geboortematernaal)	Maklike kalwing	Swaar							Lig
	Melk	Melkproduksie van koei/dogters (speenmaternaal)	Swaar speenkalfie	Min							Baie
Groei en doeltreffendheid	Na-speengewig	Kombinasie van gewig op 12 en 18 maande van bulle en verse	Bogemiddelde na-speense groei	Lig							Swaar
	Volwasse gewig	Kombinasie van volwasse gewig tussen 2 en 5 jaar oud van koeie by die speen van hul kalwers	Gemiddelde grootte volwasse diere	Lig							Swaar
	GDT	Gemiddelde daaglikse toename soos gemeet in na-speense groeitoetse	Goeie groei en aanpassing	Min							Baie
	Voeromset	Gram voer gevreet per 100 g groei soos gemeet in na-speense groeitoets	Goeie omskaking van voer na vleis	Swak							Goed
Reproduksie	Skrotumomtrek	Skrotumomtrek van bulle in na-speense groeitoetse (bulvrugbaarheid)	Vrugbare bulle	Klein							Groot
	Ouderdom met eerste kalf	Ouderdom met eerste kalwing, asook hoe gou 'n vers binne kalfseisoen kalf (versvrugbaarheid)	Vrugbare verse	Kalf laat							Kalf vroeg
	TKP	Kombinasie van eerste drie tussenkalfperiodes van koeie (koeivrugbaarheid)	Vrugbare koeie	Lang TKP							Kort TKP
Raam	Hoogte	Skouer of heuphoogte van bulle in na-speense groeitoetse	Gemiddelde grootte volwasse diere	Laag							Hoog
	Lengte	Lengte tussen skouer en heup van bulle in na-speense groeitoetse	Effens langer diere vir meer vleis	Kort							Lank